

## UITSTALLING

Frans Oerder

## LOKAAL

Galery 101

## RESENSENT

Richard Cheales

# Tekeninge toon rigting van Oerder se krag

**H**IERDIE uitstalling is die „tweede aflewering” skilderye en sketse van die gestorwe skilder, Frans Oerder; en dit is veel interessanter as die „eerste aflewering”, wat ’n paar maande gelede gehou is. Die keuse van die werk toon groter verskeidenheid, behalwe dat daar ook meer werke te sien is.

In die kleiner galery is daar ’n aantal pragtige skilderye, van ’n Kaapse landskapstoneel (sagte kleure met herfs-sonskyn) tot ’n boomgroep teen die agtergrond van ’n mistige berg.

Maar dit is eintlik in die groter galery wat daar van sy beste werke hang, en alhoewel hierdie skilderye almal uit tekeninge bestaan (met soms net hier en daar ’n spatsel kleur) toon hulle die kunstenaar se gevoeligheid en delikate werkmotie veel beter as sy skilderye.

Modes in die skilderkuns verander soos in die klerewêreld; en Oerder het nou eenmaal in die tyd gelewe toe delikate skilderye, gewoonlik met baie detail, in die mode was: as gevolg daarvan het baie van sy skilderye ’n sekere ge-

wigtigheid wat in sy tekeninge ontbreek.

## Rigtingwyser

Op hul manier was die tekeninge van Oerder miskien meer van ’n rigtingwyser vir sy ware talent. Dit lyk asof hy soms veel meer aandag aan hulle bestee het as aan sy skilderye. Hy het sonder kleur probeer om lig en skaduwee met soveel subtiliteit weer te gee, dat alhoewel hy slegs swart en wit en rooi potlood gebruik het, dit tog lyk asof daar kleur aan die toeskouer gesuggereer word.

Oerder het daarin geslaag om die atmosfeer van dit wat hy geskets het weer te gee, en het hy vandag gelewe, sou dit waarskynlik dieselfde gevees het met sy skilderye: atmosfeer wat teweeggebring word met vinnige, openbarende kleurhale, in plaas van die gedetailleerde styl van gister.

Hierdie tekeninge toon ook hoe geslaag hy was met portretstudies: die rooi skets van ’n middeljarige man (met die suggestie van grys hare) het die sakkerigheid om die mondhoëke wat swakheid suggereer en tog pragtig pas by die wysheid in die oë.

## Schoonheid vasgevang

’n Dramatiese, maar eenvoudige studie van ’n Bantoe is so

sterk en lewendig dat dit die werk kon wees van ’n „moderne” skilder van Oerder se kaliber. Hierin het hy die amper brute skoonheid van die Bantoe vasgevang.

Alhoewel hierdie tekening wissel van vreedsame landskappe vol sonskyn tot die uitgebreide tekening van ’n ou ingenieursfirma, is dit tog die portretstudies wat die aandag trek, want alhoewel sy model soms oud en verrimpeld was, tog het hy dit altyd geteken met dieselfde liefdevolle aanslag waarmee hy ’n kind geteken het.

Hoe alledaags sy modelle ook mag gewees het, Oerder het die skoonheid daarin uitbring met sy buitengewone tekensvaardigheid.